# Graad 12 WISKUNDE JUNIE – EKSAMEN VOORBEREIDING

Jy het dalk 'n besige skedule, maar wil ook graag akademies goed vaar. Maak tyd om deur al jou Wiskunde te gaan voor die eksamen. Jy kan nie net die dag voor die eksamen leer vir Wiskunde nie.

Die brein neem toe in krag en effektiwiteit deur die gebruik daarvan. Dit word sterk deur hard te dink. ☺

Gebruik die goudkleuringe **Eksamenhulp Wiskunde Boek** om voor te berei vir die eksamen: "WISKUNDE GRAAD 12 KABV VRAESTELLE MET OPLOSSINGS." Die inhoudsopgawe voorin die boek dui die bron van elke vraestel aan. Los eers die IEB vraestelle. (Sommige vrae uit die IEB vraestelle is BAIE moeilik ☺.)

Gebruik ook die **Pythagoras 12** Boek, meer spesifiek die B-oefeninge van elke seksie. (Om die "moontlike" te kan vermag in die eksamen, oefen voor die tyd om die "onmoontlike" te vermag.)

Ek gee vir jou hierdie "omskakeling" tussen die wiskunde handboek, die Eksamenhulp boek en die Pythagoras Boek:

| **HOOFSTUK uit die HANDBOEK:** | **INDELING in EKSAMENHULP BOEK:** | **KLASSIFIKASIE in PYTHGORAS 12 BOEK** |
|---|---|---|
| Hoofstuk 1: RYE EN REEKSE | Getalpatrone<br>Rye en reekse: Rekenkundig<br>Rye en reekse: Meetkundig | Patrone, Rye en Reekse (Mod 2) |
| Hoofstuk 2: INVERSE FUNKSIES | Inverse<br><u>Eksponente en wortelvorme*</u><br><u>Vergelykings en Ongelykhede*</u> | Eksponente en Log funksies (Mod 1.1)<br>Funksies en hul inverse (Mod. 1.2) |
| Hoofstuk 3: KUBIESE POLINOME | Res- en Faktorstelling | Resstelling and Faktorsteling (Mod.1.3) |
| Hoofstuk 4: DIFFERENSIAALREKENING | <u>Aard van die wortels*</u><br>Funksies, Grafieke<br>Differensiasie<br>(Wiskundige Modellering) | Differensiaal Rekening (Mod 4) |
| Hoofstuk 5: ALGEMENE TRIGONOMETRIE | Identiteite<br>Oplos van vergelykings<br>Grafieke<br>Meting | Trigonometrie (Mod 8.1) |
| Hoofstuk 6: TRIG IN DRIEHOEKE | 2-D<br>3-D | Trigonometrie (Mod. 8.2) |
| Hoofstuk 7: ANALITIESE MEETKUNDE | Analitiese Meetkunde (Sien ook "Meetkunde" | Analitiese Meetkunde (Mod 7) |
| Hoofstuk 8: EUKLIDIESE MEETKUNDE | Meetkunde | Euklidiese Meetkunde (Mod 9) |
| Hoofstuk 9: FINANSIËLE WISKUNDE | Saamgestelde Rente<br>Anuiteite en Lenings | Finansies, Toename en Afname (Mod. 3) |

*Hierdie werk is in graad 11 behandel. Dit word nie herhaal in graad 12 nie.

**ROOSTER:**

**Dag 1:** Hoofstuk 1: RYE EN REEKSE

**Dag 2:** Hoofstuk 2: FUNKSIES EN INVERSES

**Dag 3**: Hoofstuk 5: ALGEMENE TRIGONOMETRIE (en Hoofstuk 6: TRIG IN DRIEKHOEKE)

**Dag 4:** Hoofstuk 7: ANALITIESE MEETKUNDE

**Dag 5:** Hoofstuk 8: EUKLIDIESE MEETKUNDE

**Dag 6**: Hoofstuk 9: FINANSIËLE WISKUNDE

**Dag 7:** Hoofstuk 4: KUBIESE POLINOME

**Dag 8:** Hoofstuk 5: DIFFERENSIAALREKENING

Doen die volgende stappe vir elke hoofstuk in die handboek: (Versprei die werk oor een of twee dae – volgens jou rooster.)

☞ STAP 1: Gaan deur die teorie van die hoofstuk voordat jy die somme probeer doen.

☞ STAP 2: Doen een voorbeeld van elke stel voorbeelde. Die HERSIENINGSOEFENINGE agterin elke hoofstuk is die belangrikste.

☞ **STAP 3:** Doen die ooreenstemmende oefeninge uit die **Eksamenhulp boek** en/of the groen **Pythagoras boek**. Maak seker jou antwoorde is reg – die oplossings is agterin die boek. Die Junie-eksamen se vrae kan baie maklik uit hierdie boeke gehaal word.

☞ **Maak seker dat jy by STAP 3 uitkom!** (As dit die enigste somme is uit die hoofstuk waarby jy uitkom, en jy kry dit reg, het jy GOED gedoen ☺)

☞ **STAP 4:** Doen ten minste een van die vraestelle uit die TheAnswerSeries boek. Doen dit die dag voordat jy gaan eksamen skryf.

Daar is BAIE WERK wat bemeester moet word. Wees positief en vasberade en maak seker jy is behoorlik voorberei as die eksamen aanbreek!

**N I N A**
**S N Y M A N**

Dr Maths
School of Mathematics

**Drmaths.co.za**

*nsnyman@vodamail.co.za*

**082 745 4462**